*Fakulteitsreëls 1.15.1 – 1.15.3: 'n Student word geag om onbevredigende akademiese vordering te hê, indien hy/sy minder as die helfte van die krediete wat vir die betrokke program vereis word, soos voorgeskryf in die betrokke fakulteitsreëls vir die metode van aflewering (kontak of afstand) en bywoningsmodus (voltyds of deelyds) behaal. 'n Student wie se akademiese prestasie as onbevredigend geag word, kan 'n skriftelike waarskuwing vanaf die betrokke uitvoerende dekaan ontvang.*

#### **EDU.1.2.16 Extension of Period of Study / *Verlenging van Studietydperk***

A-Rule 1.17: The executive dean concerned may, on the recommendation of the academic director concerned, extend a student's study period following an application submitted before the end of the penultimate academic year by a student who does not expect to complete a programme within the maximum duration allowed for the study

*A-Reël 1.17: Die Uitvoerende Dekaan vir wie dit aangaan, kan volgens die relevante akademiese direkteur se aanbeveling 'n student se studietydperk verleng, nadat 'n aansoek voor die einde van die student se laaste akademiese jaar ingedien is en daar nie verwag word dat die student 'n program binne die maksimum toegelate tydperk vir die studie sal kan voltooi nie.*

#### **EDU.1.2.17 Termination of Studies / Terminering van Studies**

A-Rule 1.18.4: A student whose studies have been terminated may, in accordance with the applicable faculty rules, apply for admission to another study programme, but must in the course of the application mention the termination.

*A-Reël 1.18: 'n Student wie se studie beëindig is, mag ooreenkomstig die toepaslike fakulteitsreëls, aansoek doen vir toelating tot 'n ander studieprogram, maar moet in die loop van die aansoek die beëindiging vermeld.*

#### **EDU.1.3 WARNING AGAINST ACADEMIC MISCONDUCT AND PLAGIARISM / WAARSKUWING TEEN AKADEEMIESE WANGEDRAG EN PLAGIAAT**

Assignments are individual tasks and not group activities (unless explicitly indicated as group activities). For further details, see the **NWU Policy on Academic Integrity** that can be found at the following link: [https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2021%20Update/2P\\_2.4.3.2/2P\\_2.4.3.2\\_2021\\_e.pdf](https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2021%20Update/2P_2.4.3.2/2P_2.4.3.2_2021_e.pdf).

Students should take note of the following excerpts from NWU policies related to **ACADEMIC MISCONDUCT**:

<b>Academic misconduct</b>	
This represents conduct constituting an act of fraud - including the following instances of deception by a student:	
1.1	Obtaining information, including copying, for the purpose of improving marks, by using notes, electronic devices or other forms of assistance during examination sessions where these have been prohibited by examination procedures.
1.2	Assisting fellow-students in assessments (both formative and summative) or receiving assistance from fellow students regarding take-away assessments when any collaboration has been prohibited by the relevant assessment procedures.
1.3	Sitting on behalf of another student for an assessment session or requesting a fellow-student to take an assessment on behalf of oneself.
1.4	Taking unauthorised materials into an assessment room.
1.5	The illegal taking of assessment materials or disruptive behaviour during an assessment period.
1.6	The unauthorised submitting of the same academic content for different modules or academic programmes.
1.7	Publishing, uploading or making available any material in which the NWU holds copyright without appropriate authorisation.
1.8	The fabrication of false research data and/or results.
1.9	Falsification by changing, omitting or manipulating research data and/or results.

**The NWU Policy on Academic Integrity provides the following definition for PLAGIARISM:**



The use without appropriate acknowledgement of another's ideas, hardcopy or electronic texts, images, computer programmes, sounds, designs, performance or any form of creative work as one's own work, including activities such as appropriating the knowledge, insights, wording or formulation of anybody else's work.

**NB:** Plagiarism is regarded as serious academic misconduct that may lead to disciplinary action.

### **Policy on NWU Student Discipline**

Section 3.1.2: Misconduct may be considered by the NWU Disciplinary Hearing Committee in instances where the academic conduct of the student is dishonest, as described in the Policy on Academic Integrity;

Section 4.3: It is the policy of the university to have clear and consistent rules, processes and procedures to ensure the university's commitment to academic integrity. All allegations of plagiarism need to be investigated in accordance with the prescribed investigation procedure as approved by Senate.

### **Withdrawal of a qualification**

The NWU Council may, in accordance with the NWU Academic Rules (Section 1.20), withdraw a qualification if the recipient of the qualification is found guilty on a charge of serious academic misconduct.

*Opdragte is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy uitdruklik aangedui as groepsaktiwiteite). Raadpleeg die **NWU-beleid rakende Akademiese Integriteit** deur middel van die aangeduide skakel:*

[https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2021%20Update/2P\\_2.4.3.2/2P\\_2.4.3.2\\_2021\\_a.pdf](https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2021%20Update/2P_2.4.3.2/2P_2.4.3.2_2021_a.pdf).

Studeute moet let op die volgende uittreksels uit die NWU-beleid rakende **AKADEMIESE WANGEDRAG**:

<b>Akademiese wangedrag</b>	
<i>Dit verteenwoordig gedrag wat bestaan uit 'n daad van bedrog – insluitend die volgende gevalle van misleiding deur 'n student:</i>	
1.1	<i>Die verkryging van inligting, insluitend kopiëring met die doel om punte te verbeter, deur gebruik te maak van aantekeninge, elektroniese toestelle of ander vorms van hulp tydens eksamensessies waar dit deur eksamineringsprosedures verbied is.</i>
1.2	<i>Medestudente help met die assessering (formatief en summatief) of hulp van medestudente ontvang met betrekking tot wegneem assessering waar samewerking deur die betrokke assesseringsprosedures verbied is.</i>
1.3	<i>Die skryf van enige assessering namens 'n ander student of 'n versoek aan 'n medestudent om 'n assessering namens jouself af te lê.</i>
1.4	<i>Die inbring van ongemagtigde materiaal in 'n assesseringslokaal.</i>
1.5	<i>Die wederregtelike neem van assesseringsmateriaal of ontwrigtende gedrag tydens 'n assesseringssessie.</i>
1.6	<i>Die ongemagtige indiening van dieselfde akademiese inhoud vir verskillende modules of akademiese programme.</i>

1.7	<i>Die publikasie, oplaai of beskikbaarstelling van materiaal waarvan die NWU outeursreg het, sonder die vereiste magtiging.</i>
1.8	<i>Die fabrisering van fiktiewe navorsingsdata en/of resultate.</i>
1.9	<i>Die daarstel van vals navorsingsdata en/of -resultate deur middel van wysigings, weglatings of manipulasie.</i>

***Die NWU-beleid oor akademiese integriteit bied die volgende definisie vir PLAGIAAT:***

*Die gebruik sonder die nodige erkenning van 'n ander persoon se ideë, harde kopie of elektroniese tekste, beelde, rekenaarprogramme, klanke, ontwerpe, uitvoering, of enige vorm van kreatiewe werk as 'n persoon se eie werk, insluitende aktiwiteite soos die kennis, insigte, bewoording of formulering van iemand anders se werk.*

***NB:*** *Plagiaat word beskou as 'n ernstige akademiese oortreding wat tot dissiplinêre optrede kan lei.*

***Beleid oor die NWU-studentedissipline***

*Afdeling 3.1.2: Wangedrag kan deur die NWU se tugverhoorkomitee oorweeg word in gevalle waar die akademiese gedrag van 'n student op oneerlikheid neerkom, soos in die beleid oor akademiese integriteit beskryf word;*

*Afdeling 4.3: Dit is die beleid van die universiteit om duidelike en konsekwente reëls, prosesse en prosedures daar te stel om die universiteit se verbintenis tot akademiese integriteit te verseker. Alle bewerings van plagiaat moet ondersoek word*

*volgens die voorgeskrewe ondersoekprosedures soos deur die Senaat goedgekeur is.*

### ***Onttrekking van 'n kwalifikasie***

*Die NWU-Raad kan, ingevolge die NWU Akademiese Reëls (Afdeling 1.20), 'n kwalifikasie terugtrek indien die ontvanger van die kwalifikasie skuldig bevind word aan 'n klag van ernstige akademiese wangedrag.*

#### **EDU.1.4 CAPACITY STIPULATION / KAPASITEITSBEPALINGS**

A-Rule 1.5.2: Please take cognizance of the fact that, owing to specific capacity constraints, the University reserves the right to select candidates for admission to certain fields of study. This means that prospective students who comply with the minimum requirements may not necessarily be admitted to the relevant courses.

*A-Reëls 1.5.2: Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.*

#### **EDU.1.5 RECOGNITION OF PRIOR LEARNING AND CREDIT ACCUMULATION AND TRANSFER / ERKENNING VAN VORIGE LEER EN KREDIETAKKUMULASIE EN -OORDRAG**

Faculty Rules 1.6 and 1.7: The faculty subscribes to the view that RPL constitutes an essential element of the transformation of access and admissions policies at higher education institutions in South Africa. The transformation of access and admissions policies is intended to increase participation and to broaden access to higher education in order to produce

graduates with the skills and competencies necessary to meet the human resource needs of the country.

The following types of RPL are identified, namely:

**(1) RPL for access:** The establishment of a suitable level of study and/or experience aimed at admission to a qualification, for a candidate who does not qualify for admission into that qualification via the official admission requirements of the NWU.

**(2) RPL for advanced standing:** The exemption from a certain level of a course of study or programme on the basis of the candidate's experience/learning acquired. A portfolio and/or assessment may be used to consider the candidate for RPL. This RPL is regarding the exemption of certain levels of study. (Advanced standing - based on the previous experience and/or knowledge acquired, the applicant may be accepted for example for the second year.)

**(3) RPL for module exemption:** A student may be exempted from completing a module of a programme on the basis of a documented process of recognition of prior learning. Such an exemption does not translate to credit transfer, but the student does not have to complete the module in question due to his/her proven knowledge, skill or experience, gained through informal or non-formal learning, which equates to the level and content of the outcomes of one or more modules of a particular academic programme. The outcomes of existing programme modules must therefore be compared and found to be similar/equivalent to the candidate's proven knowledge/experience/skills.

**Credit accumulation and transfer:** The awarding of credits for modules or courses as part of learning programmes/qualifications. The outcomes of successfully

completed modules must be compared and found to be similar/equivalent to the outcomes of the corresponding modules offered at the faculty as requested for credit accumulation and transfer (CAT). The completed outcomes must also comply with the relevant SAQA level descriptors and credit value.

A SALA administrative officer is appointed in the office of each of the school directors across the three sites of delivery, and they oversee the RPL/CAT process for both contact and distance students in the respective programmes.

Processes for each of the types of RPL/CAT as well as forms and guidelines to compile a portfolio of evidence are available at the faculty's quality office, and will be included in the Quality manual of the faculty, after approval by faculty board.

*Fakulteitsreëls 1.6 en 1.7: Die Fakulteit ondersteun die siening dat erkenning van vorige leer (EVL) 'n integrale element is van die transformasie van toegang- en toelatingsbeleid by hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika. Die transformasie van toegang- en toelatingsbeleid het ten doel om deelname te verhoog en om toegang tot hoër onderwys te verbreed om sodoende graduandi te lewer met die vereiste vaardighede en bevoegdhede om aan die nodige menslike hulpbronne van die land te voldoen.*

*Die volgende tipes EVL is geïdentifiseer:*

**(1) EVL vir toegang:** *Die daarstel van 'n toepaslike studie- en/of ondervindingsvlak wat gemik is op toegang tot 'n kwalifikasie vir 'n kandidaat wat nie kwalifiseer vir toegang tot die spesifieke kwalifikasie nie as gevolg van NWU se amptelike toegangsvereistes.*

**(2) EVL vir gevorderde status:** *Vrystelling van 'n sekere vlak van 'n kursus of program op die basis van die kandidaat se*

*ondervinding/opleiding. 'n Portefeulje en/of assessering kan gebruik word om die kandidaat vir EVL te oorweeg. Hierdie EVL handel oor vrystelling van sekere studievlakke. (Gevorderde status – gebaseer op vorige ondervinding en/of kennis, kan byvoorbeeld beteken dat die aansoeker vir die tweede jaar aanvaar word.)*

**(3) EVL vir vrystelling van modules:** *'n Student kan vrygestel word van die voltooiing van 'n module van 'n program op grond van 'n gedokumenteerde proses van erkenning van vorige leer. Sodanige vrystelling beteken nie kredietoordrag nie, maar dat die student nie die betrokke module hoef te voltooi nie, op grond van sy/haar bewese kennis, vaardigheid of ervaring, opgedoen deur middel van informele of nie-formele leer, wat gelykstaande is aan die vlak en inhoud van die uitkomst van een of meer modules van 'n bepaalde akademiese program. Die uitkomst van bestaande modules in betrokke program moet dus vergelyk word en moet gelyk wees aan die kandidaat se bewese kennis/ervaring/vaardighede.*

**Kredietakkumulاسie en -oordrag:** *die toekenning van krediete vir modules of kursusse as deel van leerprogramme/kwalifikasies. Die uitkomst van suksesvol voltooide modules moet vergelyk word en moet gelyk wees aan die uitkomst van die ooreenstemmende modules wat by die fakulteit aangebied word, soos versoek vir kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO). Die voltooide uitkomst moet ook voldoen aan die toepaslike SAQA-vlakbeskrywers en kredietwaarde.*

*'N SALA-administratiewe beampte word aangestel in die kantoor van elk van die skooldirekteure op die drie afleweringstereine, en hulle bestuur die EVL/KAO-proses vir beide kontak- en afstandstudente in die onderskeie programme.*

*Prosesse vir elk van die tipes EVL/KAO sowel as vorms en riglyne vir die samestelling van 'n portefeulje van bewys is beskikbaar by die kwaliteitskantoor van die fakulteit en sal na goedkeuring deur die fakulteitsraad in die kwaliteitshandleiding van die fakulteit opgeneem word.*



## EDU.2 WHAT IS DISTANCE LEARNING (DL)? / WAT IS AFSTANDSLEER (AL)?

Distance learning refers to a delivery mode focusing on enhanced accessibility to education and training, limiting or eliminating barriers such as time, place and pace of learning. The NWU promotes distance learning by allowing students to register for the modules of a programme either in January or in June (where applicable), offering technology-mediated instruction and examination opportunities at various learning support centres nationally and internationally, and providing student support to enhance the student learning experience. Students who study at a distance are still subject to specific admission requirements as determined by the Institutional Admissions Requirements Committee, fixed dates for the commencement of academic programmes, a minimum and maximum duration for the completion of their studies, and specific scheduled assessment opportunities. (Appendix to the General Academic Rules (A-Rules) of the NWU: Glossary of Teaching Learning-related concepts and designations)

*Afstandsl eer verwys na 'n aflewering smodus wat op beter toeganklikheid tot onderwys en opleiding fokus en struikelblokke soos tyd, plek en tempo van leer beperk of uitskakel. Die NWU bevorder afstandsl eer deur studente toe te laat om óf in Januarie óf in Junie (waar van toepassing) vir die modules van 'n program te registreer, nasionaal en internasionaal tegnologie-gesteunde onderrig en eksamengeleenthede by verskillende leerondersteuningsentrums aan te bied, en studente-ondersteuning te verskaf om die studente se leerervaring te verbeter. Studente wat oor 'n afstand studeer, is steeds aan spesifieke toelatingsvereistes soos deur die Institusionele Toelatingsvereisteskomitee bepaal word, vaste datums vir die aanvang van akademiese programme, 'n minimum en*

*maksimum duur vir die voltooiing van hulle studie, en spesifieke geskeduleerde assesseringsgeleenthede onderhewig. (Bylae tot die Algemene Akademiese Reëls van die NWU: Woordelys van Onderrig-Leer-verwante begrippe en benamings).*

### **EDU.2.1 UNIT FOR DISTANCE LEARNING (UDL) / EENHEID VIR AFSTANDSLEER (EAL)**

The Unit for Distance Learning at the NWU, situated in Potchefstroom, delivers several distance programmes on behalf of the various faculties at a number of learning support centres in southern Africa.

*Die Eenheid vir Afstandsleer aan die NWU, geleë in Potchefstroom, lewer namens die verskillende fakulteite verskeie afstandprogramme by 'n aantal leerondersteuningsentrums in Suider-Afrika.*

### **EDU.2.2 CONTACT DETAILS / KONTAKBESONDERHEDE**

**Tel:** +27 18 285 5900

**Fax/Faks:** +27 87 234 4957

**Website/Webwerf:** <https://distance.nwu.ac.za/>

**Email/ E-pos:** [DistancePotch@nwu.ac.za](mailto:DistancePotch@nwu.ac.za)

#### **SMS:**

Send an SMS to **43366 NWU**[Space]**Student number**[Space]**Subject code**[Space] and the question

*Stuur 'n SMS aan **43366 NWU**[spasie]**Studentenommer**[spasie]**vakkode**[spasie] en die vraag.*

**Adress all written correspondence to: / Rig alle skriftelike korrespondensie aan:**

**Academic matters / Akademiese aangeleentede:**

The Academic Manager: UDL / Die Akademiese Bestuurder: EAL

North-West University / Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Private Bag X6001 / Privaatsak X6001

Potchefstroom

2520

South Africa / Suid-Afrika

**Administrative matters / Administratiewe aangeleentede:**

The Unit for Distance Learning (UDL) / Die Eenheid vir Oopafstandslere (EAL)

Building B11A / Gebou B11A

North-West University / Noordwes-Universiteit

Private Bag X6001 / Privaatsak X6001

Internal Box 539 / Interne Bussie 539

Potchefstroom

2520

**EDU.2.3 MATTERS TO TAKE NOTE OF REGARDING DL STUDIES / SAKE RAKENDE AL-STUDIES WAARVAN KENNIS GENEEM MOET WORD**

Students need to note the following matters, and are referred to the applicable yearbook:

- i. Some qualifications delivered in the distance mode allow students to register twice a year for studies.
- ii. Each programme has a minimum and a maximum study duration for completing the programme.
- iii. Students have a number of assessment opportunities (examinations) during a study period and all modules can be written at each assessment opportunity (first and/or second opportunities) should the student qualify to write examination.
- iv. Students do not have a second examination opportunity directly after the first attempt. If they fail the first attempt (e.g. in June/July), they can write the failed module during the next examination opportunity (e.g. in October/November). A valid participation mark will give the student access to two examination opportunities, where after a student must generate a new participation mark.
- v. Lecturers can be contacted via email if the students have access to the internet. All modules are stored on the internet for students to access at a later stage.
- vi. Students are supported by means of a call centre, social media (Facebook) and contact with lecturers and facilitators.
- vii. Examinations are written at several examination centres throughout southern Africa, but the NWU can request students to write a specific module (e.g. Computer Science) at the campus in Potchefstroom, where the Unit for Distance Learning is situated.
- viii. **Unsatisfactory academic performance:** A student whose academic performance is found to be unsatisfactory will receive a formal written warning from the relevant director. If subsequent progress is still not satisfactory, the student may be dealt with in terms of A-Rule 1.18 and sub-paragraphs.

- ix. **Termination of studies of DL students:** The minimum and maximum duration of study for the various qualifications is indicated in the calendar and in the information booklets for these qualifications. One year before the maximum duration of study is exceeded and a student's studies are finally terminated, such a student will receive a warning letter to inform him/her of the two final examination opportunities to pass all outstanding modules. Should such a student still have modules outstanding after these examination opportunities, the studies of such a student must be terminated in terms of Academic Rule 1.18.

Only in exceptional cases and then on the grounds of irrefutable evidence will the Executive Director: UDL and the Executive Dean of the Faculty of Education consider a request for continuation of studies from a student whose studies have been terminated. Should such an application be successful, the student will be afforded only one examination opportunity to complete all outstanding modules.

*Studente moet op die volgende sake let, en word na die toepaslike jaarboek verwys:*

- i. Sommige kwalifikasies wat in die afstandsmodus gelewer word, laat studente toe om twee keer per jaar vir studies te registreer.*
- ii. Elke program het 'n minimum en 'n maksimum studieduur om die program te voltooi.*
- iii. Studente het 'n aantal assesseringsgeleenthede (eksamens) tydens 'n studietydperk en alle modules kan by elke assesseringsgeleentheid geskryf word (eerste*

- en/of tweede eksamengeleentheid) sou die student kwalifiseer om eksamen te skryf.
- iv. *Studente het nie 'n tweede eksamengeleentheid direk na die eerste poging nie. Indien hulle die eerste poging druip (byvoorbeeld in Junie), kan hulle die betrokke module tydens die volgende eksamengeleentheid (byvoorbeeld in November) skryf. 'n Geldige deelnamepunt sal aan die student toegang tot twee eksamengeleenthede gee, waarna die student 'n nuwe deelnamepunt moet verwerf.*
  - v. *Kontakklasse word hoofsaaklik met die ondersteuning van fasiliteerders deur middel van interaktiewe witborde by die leerondersteuningsentrums in Suider-Afrika aangebied. Dosente kan ook per e-pos gekontak word indien die studente toegang tot die internet het. Alle modules wat deur middel van interaktiewe witborde aangebied word, word op die internet gestoor vir studente om later te gebruik.*
  - vi. *Studente word deur middel van 'n inbelsentrum, sosiale media (Facebook) en kontak met dosente en fasiliteerders ondersteun.*
  - vii. *Eksamens word by verskillende eksamen sentrums regoor Suider-Afrika geskryf, maar die NWU kan studente versoek om 'n spesifieke module (byvoorbeeld Rekenaarwetenskap) op die kampus in Potchefstroom, waar die Eenheid vir Afstandsleer geleë is, te skryf.*
  - viii. **Onbevredigende akademiese prestasie:** *'n Student wie se akademiese prestasie nie bevredigend is nie, sal 'n formele, skriftelike waarskuwing van die betrokke direkteur ontvang. Indien vordering daarna nie bevredigend is nie, kan daar ingevolge Algemene Akademiese Reël 1.18 en subparagrafe teen die student opgetree word.*

- ix. **Beëindiging van AL-studente se studies:** Die minimum en maksimum studieduur van die onderskeie kwalifikasies word in die jaarboek en in die inligtingsboekies vir hierdie kwalifikasies aangedui. Een jaar voordat die maksimum studieduur oorskry word en 'n student se studie finaal beëindig word, sal so 'n student 'n waarskuwingsbrief ontvang om hom/haar in kennis te stel van die twee finale eksamengeleenthede om alle uitstaande modules te slaag. Indien so 'n student na hierdie eksamengeleenthede steeds uitstaande modules het, moet so 'n student se studie ingevolge Akademiese Reël 1.18 beëindig word.

Slegs in buitengewone gevalle en dan op grond van onweerlegbare bewyse sal die Uitvoerende Direkteur: EAL en die Uitvoerende Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde 'n versoek oorweeg van 'n student wie se studie beëindig is om sy/haar studie voort te sit. Indien so 'n aansoek slaag, sal die student slegs een eksamengeleentheid gegee word om alle uitstaande modules te voltooi.

**EDU.3        RULES FOR THE QUALIFICATION POSTGRADUATE CERTIFICATE  
IN EDUCATION / REËLS VIR DIE KWALIFIKASIE NAGRAADSE  
ONDERWYS SERTIFIKAAT**

**EDU.3.1     PURPOSE AND RATIONALE OF THE QUALIFICATION / DOEL EN  
RASIONAAL VAN DIE KWALIFIKASIE**

The PGCE programme in the Faculty of Education of the North-West University prepares student teachers to become competent professional educators in a variety of educational and training careers. The overarching goal of the educational experience in this particular programme is to provide all our students with the knowledge, skills and attitudes to live and work in a globally interdependent world and with the support services to help them succeed. This requires a conscious, purposeful, sustained and social-constructivist focus on the actual learning of students that may take place because of their interactions in specific study-related groups. For this reason, this academic programme also seeks to foster inclusivity and to develop a sense of personal and social responsibility and ethical conduct in and among our students by encouraging involvement in environmental affairs, as well as in community and public service. It endeavours to offer and cultivate a teaching-learning environment that is hospitable to diverse socio-conventional and linguistic interests and activities.

The purpose of the PGCE is to offer a professional ‘capping’ qualification for candidates who have completed an appropriate 360 or 480 credit Bachelor’s degrees or any equivalent qualification. The PGCE provides qualifiers with a classroom focus that will enable them to fulfil all the contextual roles and competencies of an effective/efficient educator in the Senior- and FET phase (grade 7 to grade 12) in diverse educational settings.



The programme equips and empowers prospective educators in the Senior- and FET phase to:

- Develop and demonstrate a deep knowledge and understanding of education theory and practice.
- Integrate education theory and practice as applied competence.
- Demonstrate and implement the subject specific pedagogical competencies of the Senior and FET educator that embrace teaching, learning and assessment in practice.
- Develop and demonstrate knowledge, skills, attitudes and values to become responsible, independent and contributing scholars of the professional educational community in a diverse and changing national and international context.
- Develop and demonstrate critical, creative and reflective problem-solving skills within educational and societal context.

A completed Postgraduate Certificate may be presented for entry into a cognate Postgraduate Diploma in Education.

Bachelor degree graduates, who have completed a Postgraduate Certificate as an initial professional teaching qualification, may also proceed to a BEd Honours degree.

*Die NGOS program in die Fakulteit Opvoedkunde van die Noordwes Universiteit berei student onderwysers voor vir leierskap in 'n verskeidenheid van loopbane in opvoedkunde en opleiding. Die oorkoepelende doelwit van die opvoedkundige ondervinding in hierdie spesifieke program is om al ons studente met die kennis, vaardighede en gesindhede te*

*voorsien om in 'n globale, interafhanklike wêreld te lewe en te werk en met die ondersteunende dienste om hulle te help om daarin te slaag. Dit vereis 'n bewuste, doelgerigte, volhoubare en sosiaal-konstruktiewe fokus op die aktuele geleerdheid van studente wat mag plaasvind as gevolg van hulle interaksies in spesifieke studieverwante groepe. Om hierdie rede streef hierdie akademiese program ook daarna om inklusiwiteit te koester en om 'n bewustheid van persoonlike en sosiale verantwoordelikheid en etiese gedrag in en tussen ons studente te ontwikkel deur betrokkenheid in omgewingsake aan te moedig asook in die gemeenskap en openbare diens. Dit beywer hom daarvoor om 'n onderrig-geleerdheid-omgewing aan te bied en te kultiveer wat ontvanklik is vir diverse sosio-konvensionele en taalkundige belange en aktiwiteite.*

*Die doel van die NGOS is om 'n professionele “graadverlening” kwalifikasie aan te bied vir kandidate wat 'n toepaslike 360 of 480 krediet Baccalaureus-graad of enige gelykstaande kwalifikasie voltooi het. Die NGOS voorsien kwalifiseerders van 'n klaskamer-fokus wat hulle in staat sal stel om alle kontekstuele rolle en bevoegdhede van 'n effektiewe/bekwame opvoedkundige in die Senior- en die VOO-fase (graad 7 tot graad 12), in diverse skoolomgewings te vervul.*

*Die oogmerk van die program is om voornemende opvoedkundiges in die Senior- en VOO-fase toe te rus en te bemagtig om:*

- *'n Grondige kennis en begrip van onderwysteorie en -praktyk te ontwikkel en te demonstreer.*
- *Onderwysteorie en -praktyk te integreer as toegepaste bevoegdheid.*
- *Die vak-spesifieke pedagogiese bevoegdhede van die Senior en VOO opvoedkundige wat onderwys, aanleer*

*en assessering in die praktyk insluit, te demonstreer en te implementeer.*

- *Kennis, vaardighede, gesindhede en waardes te ontwikkel en te demonstreer, om sodoende verantwoordelike, onafhanklike en bydraende geleerdes van die professionele opvoedkundige gemeenskap in 'n diverse en veranderende nasionale en internasionale konteks te word.*
- *Kritiese, kreatiewe en reflektiewe probleem oplossings-vaardighede binne die opvoedkundige en sosiale konteks te ontwikkel en te demonstreer.*

*Hierdie kwalifikasie sal die houer daarvan toegang verleen tot 'n BEd Honneursgraad of tot 'n Nagraadse Diploma in Onderwys.*

#### **EDU.3.1.1 Duration (Minimum and Maximum Duration) of Course / *Duur van Kursus (Minimum en Maksimum Duur)***

**Contact studies:** The minimum duration of study is one year and the maximum duration is two years.

**Distance studies:** The minimum duration of study is one year and the maximum duration is three years.

***Kontak studies:** Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.*

***Afstand studies:** Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar.*

#### **EDU.3.1.2 Admission Requirements for the Qualification / *Toelatingsvereistes vir die Kwalifikasie***

**General admission requirements / *Algemene toelatingsvereistes***

- An undergraduate university degree with two recognised school subjects or a relevant qualification of 360 credits at

NQF level 6 and that includes at least two recognised school subjects.<sup>2</sup>

*'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke<sup>3</sup> of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal uit 360 krediete bestaan, en wat eindig op NKR-vlak 6 en minstens twee skoolvakke insluit.*

- Students must also be able to take two methodology subjects in order to obtain the qualification. The curriculum for the qualification is structured as follows:
  - a recognised school subject at level 3 +
  - a recognised school subject at level 2

*Studente moet ook twee metodologie vakke kan neem om die kwalifikasie te verwerf. Die kurrikulum vir die kwalifikasie is soos volg gestruktureer:*

- *'n erkende skoolvak op vlak 3 +*
  - *'n erkende skoolvak op vlak 2*
- In the event of a choice between methodologies for academic subjects already obtained for a prior qualification, a student must select from these the two subjects that were obtained at the highest level.

*In die geval van 'n keuse tussen metodiek van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die student die twee neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is.*

---

<sup>2</sup> A recognised school subject is one included in the Department of Basic Education's official list of school subjects

<sup>3</sup> 'n Erkende skoolvak is 'n vak wat in die amptelike lys van skoolvakke van die Departement van Basiese Onderwys opgeneem is.

## Specific requirements / *Spesifieke vereistes*

a) After the completion of the PGCE a student has to have one of the following combinations of subject specialisations:

- **Two FET subjects and two SP subjects**

(Example: Life Sciences (FET), Mathematics (FET), Natural Sciences (SP) and Mathematics (SP).)

- **Two FET subjects and one SP subject with Curriculum-based Assessment Adaptions or Managing barriers to learning**

(Example: Economics (FET), Business Studies (FET), Economic and Management Sciences (SP) and Managing barriers to learning.)

*Na afloop van die NGOS moet 'n student een van die volgende kombinasies van vak spesialisasies hê:*

- ***Twee VOO vakke en twee SP vakke***

*(Voorbeeld: Lewenswetenskappe (VOO), Wiskunde (VOO), Natuurwetenskappe (SF) en Wiskunde (SF).)*

- ***Twee VOO-vakke en een SF vak met Kurrikulumgebaseerde assesseringsaanpassings of Bestuur van Hindernisse tot leer***

*(Voorbeeld: Ekonomie (VOO), Besigheidstudies (VOO), Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (SF) en Bestuur van hindernisse tot leer.)*

b) Basic computer literacy.

*Basiese rekenaargeletterdheid.*

c) Access to Internet.

*Toegang tot die internet.*

d) It is compulsory for all contact students to attend all contact sessions.

*Dit is verpligtend vir alle kontak studente om alle kontakssessies by te woon.*

### **EDU.3.1.3 Language Competency / *Taalbevoegdheid***

According to the minimum requirements set by die DHET, all students must obtain at least two language endorsements.

*Volgens die minimum vereistes van die DHOO moet alle studente ten minste twee taal-endorsemente verwerf.*

#### **EDU.3.1.3.1 Language of Learning and Teaching – Compulsory [Non-Credit Bearing] / *Taal van Onderrig en Leer – Verpligtend [Niekredietdraende]***

a) As the Language of Learning and Teaching (LoLT) in South-African Secondary Schools, is presently either Afrikaans or English, the student must obtain either Afrikaans and/or English as LoLT.

*Aangesien die taal van onderrig en leer (TvOL) in Suid Afrikaanse Hoërskole tans Afrikaans of Engels is, moet die student Afrikaans en/of Engels as TvOL verwerf.*

b) If the PGCE student passes ENTL 521, he/she will be endorsed with English (ENTB 521) as LoLT. If the student also wishes to be endorsed with Afrikaans as LoLT, he/she must register for AFTB 521.

*Indien die NGOS student ENTL 521 slaag, sal hy/sy met Engels (ENTB 521) as TvOL geëndosseer word. Indien die student ook met Afrikaans as TvOL geëndosseer wil word, moet hy / sy vir AFTB 521 registreer.*

**EDU.3.1.3.2 Language of Conversational Competence - Compulsory [Non-Credit Bearing] / *Taal van Gespreksvaardigheid – Verpligtend [Niekredietdraende]***

All students must be proficient (i.e. sufficient for purposes of ordinary conversation) in at least one other official language. Afrikaans or English home language speaking students must enrol for Communication in Setswana (SECF 521) for Mahikeng campus, Potchefstroom campuses and UDL and Communication in Sesotho (SOCF 521) for Vanderbijlpark campus. If the student's home language is an African Language, he/she must enrol for Kommunikasie in Afrikaans (AFCL 121).

*Alle studente moet vaardig wees (d.w.s. voldoende vir gewone doeleindes) in ten minste een ander amptelike taal. Afrikaans of Engels huistaalsprekende studente, moet vir Kommunikasie in Setswana (SECF 521) inskryf op die Mahikeng kampus, Potchefstroom kampus en EAL en vir Kommunikasie in Sesotho (SOCF 521) op die Vanderbijlpark kampus. Indien die student se huistaal 'n Afrikataal is, moet hy / sy vir Kommunikasie in Afrikaans (AFCL 121) inskryf.*

**EDU.3.1.4 Work Integrated Learning (WIL) / *Werkgeïntegreerde Leer (WIL)***

Faculty of Education students need to meet the MRTEQ (Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications) guidelines in order to obtain an education qualification. The MRTEQ requires a set of consecutive practicum days to be completed at a Faculty of Education approved school as part of the teacher training programme. WIL (teaching practice) is, therefore, a key feature of all education qualifications and a prerequisite in order to be awarded a qualification.

The stipulated programme requirement, as registered with the HEQC, for the PGCE qualification is a total of 40 school-based

teaching practice days. All students must do 40 days of school-based teaching practice in their period of study at a Faculty of Education approved school.

Non-negotiable dates for WIL are set for each semester – 20 days in semester 1 and 20 days in semester 2. This will require of the student to avail themselves for 40 days of WIL in a year of study.

Note – teaching assistance positions, employment outside of the school-based education sector or teaching/assisting outside the Senior and FET Phase cannot count towards teaching practice days.

If the PGCE is completed over two years, it is required that didactic modules are completed in the first year of study and WIL completed in the second year of study.

It is compulsory for PGCE students to do their WIL in both the Senior (Gr. 7-9) and the FET (Gr. 10-12) phase during their period of study, preferably FET phase in the first semester and Senior phase in the second semester.

WIL involves additional financial costs that must be borne by the students. These costs are not included in the tuition fees.

*Studente van die Fakulteit Opvoedkunde moet voldoen aan die MRTEQ-riglyne (Minimum Vereistes vir Onderwysersopleidingskwalifikasies) om 'n onderwyskwalifikasie te verwerf. Die MRTEQ vereis dat 'n reeks opeenvolgende praktykdae voltooi moet word by 'n skool, goedgekeur deur die Fakulteit Opvoedkunde, as deel van die onderwysersopleidingsprogram. WIL (onderwyspraktyk) is dus 'n belangrike kenmerk van alle opleidingskwalifikasies en 'n voorvereiste om 'n kwalifikasie te verwerf.*



*Die voorgeskrewe programvereiste vir die NGOS-kwalifikasie, soos geregistreer by die HEQC, is altesaam 40 skoolgebaseerde onderrigpraktykdae.*

*Alle studente moet 40 dae skoolgebaseerde onderrigpraktyk doen in hul studietydperk by 'n skool wat deur die Fakulteit Opvoedkunde goedgekeur is.*

*Ononderhandelbare datums vir WIL word vir elke semester vasgestel – 20 dae in semester 1 en 20 dae in semester 2. Dit sal van die student vereis om 40 dae WIL in 'n studiejaar te gebruik.*

*Opmerking: posisies vir onderwys hulp, werkseleenthede buite die skoolgebaseerde onderwyssektor of onderrig/hulp buite die Senior- en VOO-fase kan nie by die praktykdae tel nie.*

*As die NGOS oor twee jaar voltooi word, word vereis dat didaktiese modules in die eerste studiejaar en WIL in die tweede studiejaar voltooi word.*

*Dit is verpligtend vir NGOS-studente om hul WIL in die Senior (Gr. 7-9) en die VOO (Gr. 10-12) tydens hul studietydperk te doen, verkieslik VOO-fase in die eerste semester en Senior fase in tweede semester.*

*WIL hou ekstra finansiële koste in, wat studente moet dra. Hierdie koste is nie by die klasgeld ingesluit nie.*

### **EDU.3.1.5 Language Policy in the Faculty of Education (Programme Specific) / Taalbeleid in die Fakulteit Opvoedkunde (Programspesifiek)**

The Language Policy of the NWU is available at the following web address:

<https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance->

[management/policy/2022/LanguagePolicy/2P\\_2.5\\_2022\\_e1.pdf](https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/management/policy/2022/LanguagePolicy/2P_2.5_2022_e1.pdf)

*Die Taalbeleid van die NWU is by die volgende webadres beskikbaar:*

[https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2022/LanguagePolicy/2P\\_2.5\\_2022\\_a.pdf](https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2022/LanguagePolicy/2P_2.5_2022_a.pdf)

#### **EDU.3.1.6 Articulation Possibilities / Artikulasiemoontlikhede**

Students in this programme can articulate horizontally to the Advanced Diploma in Education qualification, for students who want to specialize in other disciplines. A vertical articulation is also possible to BEd Honours degree.

*Studente in hierdie program kan horisontaal artikuleer na die Gevorderde Diploma in Opvoedkunde kwalifikasie, vir studente wat in ander dissiplines wil spesialiseer. 'n Vertikale artikulasie is ook moontlik na BEd Honneurs-graad.*

### EDU.3.2 LIST OF MODULES / MODULELYS

All methodologies are not offered on all NWU campuses. The following letters indicates at which campus it is offered / *Alle metodieke word nie op al die NWU kampusse aangebied nie. Die volgende letters dui aan by watter kampus dit aangebied word.*

Distance = D / *Afstand* = A

Mahikeng = M

Potchefstroom = P

Vanderbijlpark = V

Module code / <i>Modulekode</i>	Descriptive name / <i>Beskrywende naam</i>		Prerequisites / <i>Voorvereistes</i>	Credits / <i>Krediete</i>
ACCD 512	Accounting Methodology (D, M, P, V)	<i>Rekeningkunde-metodiek (A, M, P, V)</i>	Accounting level 2 / <i>Rekeningkunde vlak 2</i>	12
AFCL 121	Language of Conversational Competence: Afrikaans (D, M, P, V)	<i>Afrikaans: Basiese Gesprekskommunikasie (A, M, P, V)</i>	Compulsory for African language speaking students / <i>Verpligtend vir Afrika taal sprekende studente.</i>	8
AFRD 512	Afrikaans Methodology (D, P, V)	<i>Afrikaans Metodiek (A, P, V)</i>	Afrikaans level 3 / <i>Afrikaans vlak 3</i>	12

AFRD 522	Afrikaans Methodology (D, P, V)	<i>Afrikaans Metodiek (A, P, V)</i>		12
AFTB 521 <sup>4</sup>	Afrikaans Language Proficiency	<i>Afrikaans Taalbevoegdheid</i>		1
ARTD 512	Visual Art Methodology (D, P)	<i>Visuele kuns Metodiek (A, P)</i>	<p>History of Art and Fine- or Graphical Art level 2. If a student only has History of Art, proof of practical skills by means of a portfolio must be submitted. If a student does not possess the necessary practical skills, two of the following additional modules need to be passed; ARTE 222, ARTE 312, ARTE 322. /</p> <p><i>Kunsgeskiedenis en Beeldende of Grafiese kuns vlak 2 Indien 'n student slegs Kunsgeskiedenis gehad het, kan bewys van praktiese vaardighede d.m.v. die inhandiging van 'n portefeulje geskied. Indien bevind word dat student nie oor</i></p>	12

<sup>4</sup> Only for Afrikaans Home language speaking students / *Slegs vir Afrikaans Huistaal sprekende student.*

			<i>die nodige praktiese vaardighede beskik nie, moet die volgende modules addisioneel geslaag word: ARTE 222, ARTE 312, ARTE 322.</i>	
ARTS 511 <sup>5</sup>	Creative arts in the senior phase (D, P)	<i>Kreatiewe kuns in die seniorfase (A, P)</i>	Compulsory for students that qualify for Music methodology (MSVD 512) that does not have knowledge of art /  <i>Verpligtend vir studente wat kwalifiseer vir musiekmetodiek (MSVD 512) en nie kuns agtergrond het nie.</i>	8
ARTS 521 <sup>6</sup>	Creative arts in the senior phase (D, P)	<i>Kreatiewe kuns in die seniorfase (A, P)</i>	Compulsory for students that qualify for Music methodology (MSVD 512) that does not have knowledge of art /	8

---

<sup>5</sup> This module is not credit bearing to the programme. / *Die module is nie kredietdraend tot die program nie.*

<sup>6</sup> This module is not credit bearing to the programme. / *Die module is nie kredietdraend tot die program nie.*

			<i>Verpligtend vir studente wat kwalifiseer vir musiekmetodiek (MSVD 512) en nie kuns agtergrond het nie.</i>	
BSTD 512	Business Studies Methodology (D, M, P, V)	<i>Besigheidstudiesmetodiek (A, M, P, V)</i>	Business Management level 2 / <i>Ondernemingsbestuur vlak 2</i>	12
CASD 521	Creative arts in the senior phase (D, P)	<i>Kreatiewe kuns in die seniorfase (A, P)</i>	Competence in aspects of music and art / <i>Bekwaamheid in aspekte van musiek en kuns</i>	12
CATD 513 <sup>7</sup>	Computer Applications Technology Methodology (D, M, P, V)	<i>Rekenaartoepassingstegnologie Metodiek (A, M, P, V)</i>	In order to take CATD 513, students should have a relevant second year computer qualification (See EDU 3.3.2)/ <i>Om CATD 513 te neem, moet studente oor 'n toepaslike tweedejaar rekenaar-</i>	12

<sup>7</sup> Prospective students in CATD 513 can be requested to submit a portfolio of competence / *Voornemende studente in CATD 513 kan versoek word om 'n portefeulje van vaardighede in te dien.*

			<i>kwalifikasie beskik (Sien EDU 3.3.2)</i>	
CBAD 521	Curriculum-based assessment adaptations (D, M, P, V)	<i>Kurrikulumgebaseerde assesseringsaanpassings (A, M, P, V)</i>		12
CMPF 512 <sup>8</sup>	Information and Communication Technology	<i>Informasie en Kommunikasie Tegnologie Bevoegdheid vir Onderwysstudente</i>		1

---

<sup>8</sup> **CMPF 512 NOTE / CMPF 512 NOTA:**

- The purpose of the module is to enhance a student's computer literacy for effective use in an educational environment. This module is not credit bearing to the programme. / *Die doel van die modules is om 'n student se rekenaarvaardigheid te verbeter vir effektiewe gebruik in 'n opvoedkundige omgewing. Die module is nie kredietdraend tot die program nie.*
